## 11 September - RAAD

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 33:11; 73:23; Spreuke 19:21; Handelinge 20:27; Efesiërs 1:11**

Wanneer jy die woord "raad" hoor, kom oorsprong, hede en toekoms dadelik voor jou oog. Ons bely met hart en mond dat ons ewige Vader in Jesus Christus hemel en aarde uit niks geskep het en dit deur sy ewige raad en voorsienigheid onderhou en regeer.

Daardie "raad" van God is só volmaak en ryk en allesinsluitend dat niks ooit oorgedoen of oorgedink hoef te word nie. Dit is God se plan van alles wat moet wees. Dit geld van die skepping af oor hoe alles in mekaar steek en God dit gebruik om sy doel daarmee te bereik. Niks, nie eers die sonde, is vir God ooit 'n verrassing nie, omdat Hy alles volmaak laat inpas om sy doel te bereik. Hy gee die ruimte vir die sonde binne wat die mens mag en moet. En as die mens ongehoorsaam is, neem Hy ook die sonde in diens om sy doel te bereik.

Om dit te verstaan, is baie keer vir jou verskriklik moeilik, en tog is dit in jou beste belang. God se volmaakte skepping- en verlossingswerk en sy oomblikse regeringswerk word daarin vervat.

Tog is God nooit 'n gevangene van sy raad nie, omdat Hy alles volmaak bedink en gedoen het. Niks is ooit in stryd met mekaar nie, maar alles is 'n heerlike en magtige simfonie. Van God se kant gesien, pas elke kleur en besonderheid presies in sy borduurwerk, al lyk dit van ons kant asof die knope en punte geen prent teken nie. As Hy die ligdraers skep, skitter sy veroorsakende besluit in elke dag en nag wat breek en daal.

Die mooiste simfonie van God se genadewerk in sy Seun, deur die werk van die Heilige Gees, juig in jou hart in sy verordinerende besluit as Hy jou verkies tot die ewige lewe. Vir ewig en ewig, lof aan die almagtige God! Genade op genade!

*Sing: Psalm 33:6 en 11 (1936-beryming)* *Ds SD de Kock (Potchefstroom-Suid)*